Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, 6 September 1950 Prys 3d. No. 42

# Presidensiële Stelsel Was Geen Diktatuur

**Die Zuid-Afrikaansche Republiek het sy eerste konstitusie in 1858 gekry, d.w.s. ses jaar na die stigting daarvan! Ons kan aanneem dat die regeringstelsel gedurende dié tydperk van ses jaar 'n voortsetting was van die kommando-gesag wat deur die leiers van die Groot Trek uitgeoefen is.**

In hierdie grondwet van 1858 is die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag van mekaar geskei.

**WETGEWENDE MAG**

Die wetgewing was opgedra aan 'n Volksraad wat gekies is deur die stemgeregtigde burgers (oor 21 jaar) volgens distrikte. Die lede van hierdie Volksraad moes minstens 30 en hoogstens 60 wees. In 1858 het die Volksraad bestaan uit twaalf lede en in 1873 uit 28.

Wet nr. 4 van 1890 het 'n verandering aangebring in die wetgewende gesag, waarvolgens daar in die toekoms twee liggame sou bestaan nl. 'n Eerste Volksraad en 'n Tweede Volksraad. Die ledetal van die Volksraad het op daardie tydstip 40 getel. Volgens die nuwe wet sou die Eerste Volksraad in die vervolg net 24 lede hê en die Tweede Volksraad ook 24, gekies volgens dieselfde stemdistrikte.

*Deur A. J. van Rooy*

Die Tweede Volksraad se gesag was ondergeskik aan dié van die Eerste Volksraad en die stemregkwalifikasies was ook minder streng. Nie alleen kon mans van 16 jaar en hoër stem nie, maar ook die nuwe intrekkers het heelwat gouer stemreg verwerf.

Vir die Tweede Volksraad is daar 'n sekere terrein afgepen, waarvoor hulle wetgewing kon indien — min of meer soos ons provinsiale rade vandag, maar op darem heelwat groter skaal.

**UITVOERENDE RAAD**

Die voorstelling en uitvoering van wette is opgedra aan 'n Uitvoerende Raad, wat bestaan het uit 'n President, Kommandant-generaal, twee burgers en 'n sekretaris. Hierdie Uitvoerende Raad is mettertyd uitgebrei om by die behoeftes van die tyd aan te pas. So het daar byvoorbeeld later 'n notulehouer en 'n staatsprokureur bygekom.

**Die President** is gekies vir 5 jaar deur alle burgers wat vir die (Eerste) Volksraad stemgeregtig was.

**Die Kommandant-generaal** is gekies deur die burgers maar die lengte van sy ampstermyn het van tyd tot tyd veranderings ondergaan.

**WYSIGINGS**

Die grondwet van 1888 het bepaal dat die K.G. vir 'n onbe-

(Vervolg op bladsy 6 kolom 4)

## GEVAARLIKE WOLPRYSE

**Terwyl die wolboere breed geglimlag het toe wolpryse Maandag in Kaapstad sommer aan die begin van die veiling die rekordprys van verlede jaar met meer as 5/- oortref het teen 12/6 per pond, het daar reeds 'n gevoel van kommer op die goud-druppende wolspoor in Australië gevolg, waar dieselfde ongekende hoogtes bereik is.**

**Die vrees word uitgespreek dat teen sulke enorme pryse wol besig is om 'n weelde-artikel te word in plaas van 'n noodsaaklike roustof. Die uiteindelike gevolg kan maar net wees dat dit vervang sal word deur 'n goedkoper sintetiese produk, word verklaar.**

**Die minister van landbou in New South Wales (Australië) het in 'n toespraak gesê dat sulke pryse (14/- per pond) nie strook met die langtermyn- belang van die land nie.**

## ASIATE NEEM VINNIGSTE TOE

Die totale bevolking van die Unie het sedert die helfte van verlede jaar met 200,000 gestyg, volgens 'n skating van die Buro vir Sensus en Statistiek. Die bevolking tel nou 12,320,000, van wie 2,620,000 blankes is, 8,347,000 naturelle, 323,000 Asiate en 1,030,000 Kleurlinge.

Die bevolkingstoename vir die Asiate was die vinnigste — 2.8 persent vergeleke met 1.9 persent van die blankes, 1.5 persent van die naturelle en 2.5 persent van die Kleurlinge.

# Verwoesting Sonder Hervorming Sal Tevergeefs Wees

**Dit was hierdie week elf jaar gelede dat Brittanje, ondersteun deur Britsgesinde politici in die Unie, die wêreld in 'n oorlog gedompel het ten einde „die Christendom en die Westerse beskawing" te red. Die onmiddellike aanleiding tot die oorlog was 'n Britse waarborg aan Pole dat sy grense, waarbinne voormalige Duitse gebied, geen duim versit sou word nie.**

**Vyf jaar nadat hierdie oorlog beëindig is met die algehele vernietiging van Duitsland en die afskeuring van byna die helfte van Pole se gewaarborgde grondgebied ten behoewe van een van die „drie groot" oorwinnaars, is die Westerse wêreld weer besig om te mobiliseer vir Christendom en beskawing onderwyl die voorspel tot 'n derde wêreldoorlog 'n alles behalwe bemoedigende aanvang in Korea geneem het.**

**Elf jaar gelede het die Ossewabrandwag hom verset teen Suid-Afrika se deelname aan die dwase oorlog. Ons het beklemtoon dat die opkoms van Hitler 'n reaksie was teen die vervalle en verworde kapitalisme en demokrasie enersyds en 'n verweer teen die mensverwoestende Kommunisme andersyds. Ons het beklemtoon dat wat die vorm van die Duitse verset teen genoemde euwels ook al mag wees, die wêreld 'n behoefte aan hervorming het, en dat so ver dit Suid-Afrika betref, die grondbeginsels vir daardie hervorming opgesluit lê in ons volk se eie verlede en lewensbeskouing.**

Elf jaar na die uitbreek van hierdie oorlog sal geeneen van die oorlogskreeuers van toe kan beweer dat die oorlogsoogmerke waarvoor miljoene lewens geoffer is, selfs by benadering bereik is nie ten spyte van die oorwinningsbloedfees in Neurenberg.

**GROTER ONTBINDING**

'n Inflasie-kranke wêreld word opgeroep om met wapengeweld rebellie te voer teen die Kommunistiese tiran wat deur die demokratiese oorwinnaars op die wêreldtroon geplaas is. Wapengeweld is al wat die kapitalistiese en demokratiese magte in die laaste beslissende stryd kan werp — **en as hierdie stryd eendag beëindig is, wat sal oorbly van die waardes wat elf jaar gelede bestaan het en vandag nog hier en daar voorthuiwer, veral as onthou word dat die Kommunisme 'n mag van ontbinding is, en niks so bevorderend vir ontbinding is as 'n oorlog nie?**

Die Kommunistiese ideologiese woestyn het gevolg op die grondverspoelings van kapitalistiese uitbuiting en „demokratiese" wanbestuur in die wêreld van elf jaar gelede. Hierdie woestyn is tydig en suksesvol in Italië, Duitsland, Portugal en Spanje gestuit deur vreedsame politieke herskepping gepaard met wapengeweld waar die kwaad te ver gevorder het.

**Die wapen- en atoom-geweld van die komende oorlog is byvoorbaat al gedoem tensy dit vergesel gaan van 'n hervorming van lewenswyse en -houding wat die beginsels van die Christelike beskawing waardig sal wees. Daarom word die taak van die Ossewabrandwag en soortgelyke hervormingsorganisasies dringender namate die oorlog nader kom.**

---

**Die Unie-regering** het 25 vliegtuie van Amerika gekoop vir gebruik in Korea deur die Suid-Afrikaanse vegterseskadrilje wat as gebaar teenoor die V.V.O. na die Verre Ooste gestuur word.

---

**Hoë pryse vir Suidwes-karakoelpelse** word tans in Amerika betaal waar Russiese pelse in onguns verval het as gevolg van die Koreaanse oorlog. Die gemiddelde pryse verlede week op die mark was meer as £3. Daarteenoor is berig dat 'n vrag Russiese pelse in 'n Britse hawe lê en vergaan nadat Amerikaanse dokwerkers geweier het om die skip af te laai.

# ENGELSE PERS VAAR UIT TEEN DUBBELE TROU . . . . IN SUIDWES

**Die Engelse pers het met groot wrewel verwys na die deurslaggewende rol wat die Duitsers in Suidwes se verkiesing gespeel het. Opskrifte het gewissel van „Sieg Heil!" tot „Duitse Oorwinning", en Die Cape Times het onder die opskrif „Onnasionale Oorwinning" te velde getrek teen die Duitsers wat weier om Suid-Afrikaners te word.**

„Die Nasionaliste gee voor dat hulle staan vir 'n onverdeelde trou, en het keer op keer gesê dat hulle nie mense van dubbele lojaliteit in Suid-Afrika wil hê nie", verklaar die blad. „Selfs voor die oorlog het 'n geregtelike kommissie getoon dat baie van die Duitsers in Suidwes-Afrika ondergronds in simpatie was met 'n buitelandse regering, dat jong Duitsers na Duitsland gegaan het om in die Duitse leër opgelei te word en dat hul trou teenoor die Mandaathouer twyfelagtig was. Die Nasionaliste wat voorgee dat hulle onverdeelde trou vir hul volgelinge eis, het nou hierdie mense met verdeelde trou in hul skoot versamel. Die Nasionaliste wat voorgee dat hulle geskok is oor die feit dat die nie-blanke stem in sommige gevalle 'n deurslag kan gee, het die deurslaggewende mag in Suid-Afrika oorhandig aan daardie Duitsers met verdeelde trou. Dit is 'n onnasionale oorwinning." Aldus die hoofartikel in die Cape Times.

**BETIG**

Dit was nie nodig om die blad te wys op die balk in Engelse oog wanneer dit op dubbele lojaliteit neerkom nie. 'n Rubriekskrywer van die blad het die volgende dag self 'n versigtige — en ietwat sarkastiese — vermaning gerig aan die adres van Engelse wat so wantrouend van die Duitsers praat. Hy skryf:

**„Ek dink dat, nou dat die res van ons almal goeie Suid-Afrikaners is sonder 'n keuse in die saak, ons politiek heelwat verbeter kan word as ons besluit om nie alleen goeie Suid-Afrikaners te wees nie, maar om ander beter Suid-Afrikaners te maak, ongeag watter party hulle ook al verkies om te ondersteun.** „Dit is waarlik 'n baie eenvoudige besluit. En dit skyn vir my of dit na logiese uiteindes lei. In Suidwes het jy 'n party gehad wat nie rondgeloop het en sê ,Moenie die Duitsers vertrou nie'. **Maar ek het baie mense dit hier hoor sê, en hulle was nie Nasionaliste nie. Sulke dinge raak bekend in 'n klein gemeenskap en kwes mense wie se ondersteuning, wat jy ookal daarvan mag sê, somtyds nuttig is!**

„Dit is eenvoudige sielkunde en praktiese politiek dat jy altyd sal verloor as jy rond gaan en sê ,Ek hou nie van daardie man se voorkoms nie; ek is bang vir wat hy my kan aandoen.'

„Dit was presies die houding wat baie ondersteuners van een party ingeneem het teenoor die Duitse kieser. En dit het die party sy nederlaag in die verkiesing besorg.

„Daar is nog steeds niks te wen en baie te verloor deur algemene houdings wat gegrond is op vrees en agterdog. Diegene wat besluit om die ander man, ongeag wat sy afkoms is, 'n beter Suid-Afrikaner te maak, sal vriende maak en hulle behou."

## Tevergeefs



**Die oorlog wat hierdie week elf jaar gelede begin is met die verklaarde oogmerk om Duitsland te vernietig, het sy oogmerk vyf jaar en agt maande later bereik met die ondertekening van die onvoorwaardelike oorgawe deur genl. Gustav Jodl, stafhoof van die Duitse leër (regs). Maar die oogmerk om die wêreld vry te maak van ,agressie, vrees en gebrek", het skromelik gefaal omdat daar geen ondersteunende idee was om die plek te vul van uitgediende opvattings nie.**

DIE O.B., WOENSDAG, 6 SEPTEMBER 1950

# BAIE VER AGTER

Lord Vansittart, daardie grimmige kampvegter vir die demokrasie in Brittanje wat sy sin ten opsigte van Duitsland se uitwissing as 'n moondheid gekry het, het in die jongste tyd, soos soveel ander van sy kollegas, uitgevind dat die demokrasie as gevolg van die oorlogsoorwinning in 'n veel ernstiger gevaar verkeer as tien jaar gelede. En lord Vansittart is op soek na bondgenote. Hy soek hulle in Duitsland en in Spanje — daardie staat wat hy en sy geesgenote 'n paar jaar gelede bereid was om terug te gee aan die Kommunistiese skuim wat deur Franco afgeskep is.

In 'n toespraak in die hoërhuis het genoemde lord gesê dat hy 'n kwaai teenstander van Duitse herbewapening was, **maar dat hierdie standpunt weens die verderflike beleid van Stalin onhoudbaar geword het.** Hy is egter net bereid om toe te stem tot die bewapening van die Duitsers met kleingewere waarmee hulle 'n guerilla-oorlog kan voer. Die herbewapening van Duitsland is gevaarlik en moet binne perke gehou word, was sy advies. Voortgaande het Vansittart na Spanje verwys en gesê:

„Ons behoort ondersoek in te stel of genl. Franco nie bereid sal wees om 'n gulhartige gebaar teenoor sy volk te maak wat Spanje in staat sal stel om sy plek in die Westerse familiekring in te neem nie."

## NOG GEEN BESINNING

Lord Vansittart is 'n tipiese verteenwoordiger van die Britse amptelike gedagteskool, en slegs om daardie rede is sy standpunt kommentaar-waardig. **Dit toon hoe ver die Britse politici onder die gewig van hul blinde vooroordeel en haat agter geraak het op die pad van die wêreldgeskiedenis.** Hulle bly steeds by die stertkant van wêreld-ontwikkelinge, net soos hulle tydens die afgelope oorlog voortgestrompel het op die oorlogspad nadat die oomblik vir afsluiting reeds bereik was. Weens hul blinde en onbeheerste vaart het hulle hulself begrawe in die oorlogsgevolge waaruit hulle tans probeer kruip. Hulle het geen oog gehad vir die waarskuwende tekens dat die stryd gestaak moes word nie. Hulle wou die beker van haat tot die droesem ledig.

En nou mag dit vervelig klink om hierdie verwyt telkemaal onder die neus te vryf, **maar die beleid van die Britse politici, soos ook nou weerspieël in Vansittart se toespraak, toon dat hulle nog geensins tot besinning gekom het nie. Hulle het nog nie daarin geslaag om hul las van haat en vooroordeel af te skud nie.** Daarom die onrealistiese advies dat die Duitsers se enigste bydrae tot die verdediging van Europa moet lê in 'n guerilla-stryd met kleingewere nadat Europa deur die Russe oorrompel is.

## VOORWAARDES

**Vir hierdie leiers het die stryd teen die vernietigende Fascisme en Naziisme nog nie opgehou nie, net soos hul bondgenootskap met die Kommunisme nog nie beëindig is nie ten spyte dat hulle in volle bewapening verkeer teen die Kommunisme en reeds in Asië midde in die stryd staan. Daarom mag Spanje nog nie opgeneem word in die Westerse familiekring nie, behalwe as Franco bereid is om sy opvattings oorboord te gooi, hoewel die Kommuniste van Sjina sitplekke in die Veiligheidsraad van die V.V.O. aangebied word sonder enige voorwaarde.**

**Van Spanje word 'n gebaar verwag voordat hy sy plek ter verdediging van Europa mag inneem. 'n Kommunis soos Tito van Joego-Slawië ontvang egter ekonomiese hulp en politieke erkenning sonder dat selfs 'n gebaar ten opsigte van die vervolging van die kerk van hom geëis word.**

In sy boek oor die Amerikaanse beleid tydens die oorlog het die diplomaat Bullitt die kolossale hulpverlening aan Rusland sonder die sweem van 'n voorwaarde tot matiging van sy imperialistiese dade beskryf as een van die onvergeeflikste flaters van Roosevelt. Maar sy teregwysing het nog geen wysheid ten gevolge gehad nie. **Amerika en Brittanje gaan nog steeds voort om kommunistiese Tito die erg begeerde hulp te bied sonder enige voorwaarde te stel ten spyte van laasgenoemde se ongetemperde vyandskap teen die godsdiens en die waarde van die mens. Maar as in die grootste nood die hulp van Spanje ingeroep moet word, dan gaan daardie noodroep gepaard met die eis dat daar eers 'n demokratiese „gebaar" moet wees voordat die hulp aanvaar kan word.**

Hierdie gebaar, so verklaar die blad Union, is blykbaar die herstel van „demokratiese regte" in Spanje, dit wil sê die herstel van daardie selfde ondergrawende elemente wat reeds die veiligheid van ander Europese state ondermyn. **Dit beteken eintlik dat voordat 'n lid tot die Westerse familie kan toetree, hy eers weer besmet moet word met die kommunistiese kanker wat hy deur 'n operasie uit sy liggaam verwyder het.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### Stil Prestasies

Verlede week, op Maandag, 28 Augustus, het mev. M. E. Rothman, die bekende skryfster M. E. R., vyf-en-sewentig jaar oud geword. Dit is 'n lang leeftyd en in Tant Miemie se geval was dit ook 'n leeftyd van idealisme, beskeidenheid en diens en derhalwe 'n leeftyd van stil prestasies.

Ek is besonder verheug oor veral drie aangeleenthede wat die verjaardagviering gekenmerk het. Die eerste is die waardering wat betuig is vir M. E. R. se sagte en bekoorlike persoonlikheid. In ons dae wanneer luidrugtigheid dikwels deurgaan vir geselligheid is dit regtig noodsaaklik dat die openbare aandag darem somtyds gevestig sal word op 'n toonbeeld van fynbeskaafdheid. Die tweede is die verrassende waarheid dat M. E. R. nie „afgetree" het nie — maar dat daar inteendeel 'n nuwe boek van haar verskyn het op haar 75ste verjaardag. En die derde is die ontwaking van die kritici wat eindelik M. E. R. se skryfwerk begin waardeer.

### Die drie Susters

M. E. R. woon op Swellendam — op die heuwel aan die Oostekant van die dorp. Vir baie jare het die drie bekende susters, mev. Tomlinson, mev. Van Zyl en mev. Rothman langs mekaar, elkeen in haar eie huis, op die heuwel gewoon. En niemand se besoek aan Swellendam was afgerond voordat hy nie met die drie susters gaan kennis maak het nie. Dit is reeds meer as 'n jaar gelede dat mev. Tomlinson oorlede is en nou is dit nog net Tant Annie en Tant Miemie wat oorgebly het om die tradisie voort te sit.

Mev. Rothman se lewe van diens het veral in drie rigtings uitgebot. Sy het haar beywer vir die opvoeding van haar volk. Daarom het sy geskryf sodat haar volk kan lees. Sy het haar gewy aan die versorging van die behoeftige deel van haar volk. En met reg kan sy genoem word die moeder van die sosiale werksters in ons land. Voortdurend het sy bly hunker na die innerlike eenwording van haar volk. En dit is veral hierdie diepe oortuiging dat die Afrikanervolk 'n natuurlike eenheid is wat nie opgesplits mag word in politieke partye nie wat haar aangetrek het na die Ossewabrandwag en wat haar vandag nog een van die steunpilare van hierdie volksbeweging maak.

### Tonge Gekniehalter

Ek het al baie keer gewonder hoe omvangryk die diktatuur van geld werklik oor ons volk is. En of die Afrikaners van die huidige geslag nie alteveel oorheers word deur die geldjie wat hulle verdien nie. Ek ken mense wat 'n mak en onderdanige lewe voer omdat hulle bang is om hul salaris en hul pensioen in gevaar te stel. Hoe groot sou die persentasie van ons volk wees wat hul oortuigings wegsluk en hul tonge kniehalter omdat hulle gedagtig is aan die vrou en die kleinspan wat gevoed en geklee moet word. 'n Dorpenaar het aan my gesê: „Dis net die boere wat aan die politiek kan deelneem soos hulle wil. Ons dorpenaars behoort almal aan die hou-joubek party."

Dit beteken dat 'n man sy lewe lank stilbly wanneer betwisbare sake bespreek word. En dit is juis by daardie geleentheid wanneer hy moet praat en sy standpunt moet stel. Is dit miskien een van die redes waarom die filosowe ons tydvak oppervlakkig noem? Want wanneer ligsinnige sake bespreek word praat almal luidrugtig saam maar wanneer diepsinnige sake aan die beurt kom dun die deelnemers uit totdat net 'n klein klompie oorbly.

Waaraan sou die skugterheid om betwisbare sake te bespreek toe te skryf wees? Aan die diktatuur van geld? Ek weet regtig nie.

Ek het eenkeer met 'n predikant oor die saak gesels. Sy mening is dat die mense skuiling soek in oppervlakkigheid omdat hulle probeer wegvlug van die aaklige werklikheid wat hulle nie wil bepeins en bespreek nie. Toe ek hom vra of die Ossewabrandwag dan nie reg is om 'n herskepping van die grondslae van die bestaande staats- en lewensbeskouing te bepleit nie, het hy gesê dat ons liewers nie politiek moet gesels nie. Waarvandaan het die dominee probeer vlug?

### Kwellings van die Gees

Die verrassende uitslae van die verkiesings in Suidwes het 'n vlaag van mismoedigheid oor die hele Verenigde Party laat neerslaan. Ek het die mismoedigheid nie alleen in die party se koerante bespeur nie, maar ek het toevallig, op 'n openbare plek, 'n gesprek aangehoor tussen twee Engelssprekendes wat vir my 'n openbaring was. Die een het neerslagtig voorspel dat as dinge so aangaan hulle een môre aan die brekfistafel die tyding sal verneem dat die Nasionaliste ook die regering in Rhodesië oorgeneem het. Die ander het onthuts so 'n moontlikheid verwerp. Maar die eerste een het sy kwellings verduidelik deur te kla oor die duisende Afrikaners wat Rhodesië binnetrek, met net een doel — om die regering van die land oor te neem. En die ergste van alles, het hy gesê, is die skynbare magteloosheid van die Verenigde Party om die tergende verloop van sake die hoof te bied. „Die ding ontstel my", het hy vir sy vriend vertel.

### Wraak of Selfrespek

Die Verenigde Party se koerante vind dit blykbaar bo die menslike vermoë om die pak slae wat hul party in Suidwes gekry het met gelatenheid te dra. En die arme Duitsers moet dit nou ontgeld omdat hulle hul demokratiese reg gebruik het om vir die Nasionale Party van Suidwes te stem. Die V.P. stel die verkiesingsoorwinning voor as die Duitsers se wraak op die V.P. oor die behandeling wat hulle gedurende die oorlogsjare van die party ontvang het. Gestel dat die wraakstorie waar is verwonder ek my nogtans aan die vermetelheid van die V.P. Was die verwagting dan dat die Duitsers vir die V.P. sou stem? Dan was dit op sy beste 'n baie naïewe verwagting. Want elke hond kry tog sy dag en as die verkiesingsdag werklik die Suidwes Duitsers se dag was, dan moet die V.P. dit vir hulle gun, want dit moet onthou word dat die V.P. gedurende die oorlogsjare, 'n baie, baie lang dag gehad het.

Maar sou die Duitsers werklik wraak geneem het, of sou hulle maar net hulle selfrespek gehandhaaf het?

## GESAMENTLIKE FUNKSIE

Op 12 Augustus het die twee Kommando's van Vredenburg en Hopefield saam op die plaas Klipfontein van die Kommandant, mnr. Jan du Toit, hul funksie gehou en die bedrag van £24 ingesamel. Die samewerking van die twee Kommando's was baie geslaagd.

Ons sê baie dankie aan „Oom Koos Visser" (Hoofkommandant) van Weglopersheuwel wat ons funksie geopen het, asook aan die ander vriende wat saam met hom was. Verder ook aan mevv. Lombard en Van Aarde, kommandantes van Malmesbury, en ander vriende.

— (Ingestuur)

**Ongeveer een uit elke sewe huwelike** in die Unie word deur egskeiding beëindig, volgens bevinding van die Buro vir Sensus en Statistiek. In 1948 was daar 3,832 verbrekings van die 27,917 huwelike tussen blankes in ons land.

# SUIDWES STUUR SES REGERINGSMANNE NA PARLEMENT

**Die Nasionale Party van Suidwes — wat 'n samesmelting is van die twee nasionaal-georiënteerde partye in die Unie — het 'n volledige oorwinning oor die Verenigde Nasionale Suidwes-party behaal deur al ses setels vir die Unieparlement te verower.**

Meerderhede het gewissel tussen 67 en 846, terwyl die totale aantal stemme wat deur elke party verkry is, onderskeidelik 12,434 en 10,033 was — 'n stemmeerderheid van 2,401 vir die Nasionale Party uit 'n kieserstal van 24,017.

Vir die wetgewende vergadering van Suidwes het die Nasionale Party 15 uit die 18 setels verower. Met die verkiesing in 1945 het die Verenigde Party al 18 setels gewen.

Die ses nuwe volksraadslede is:

A. J. van Niekerk (Etosha), J. von S. Moltke (Karas), A. Webster (Middelland), J. D. du P. Basson (Namib), R. le Riche (Omaruru), J. H. Visser (Windhoek).

Hierdie toevoeging tot die Unie-parlement bring die regeringsmeerderheid te staan op 13 (71 H.N.P., 9 Afrikanerparty en 6 Nasionale Party Suidwes).

## HOË STYGING IN GRONDPRYSE

Grondpryse is vandag meer as driedubbel so duur as wat dit voor die oorlog was. In 1939 was die gemiddelde prys per morg in die Unie £1 17s. 6d. in vergelyking met £6 5s. verlede jaar, volgens verslag van die afdeling Sensus en Statistiek.

Plattelandse eiendom ter waarde van £49,708,687 het van 1 April 1948 tot 31 Maart 1949 in die Unie van eienaar verwissel. Dit is die hoogste syfer in die afgelope tien jaar.

*Agter Die Siegfriedlinie (4)*

# Sven Hedin Stel Bekend

Soos reeds duidelik uit voorafgaande artikels geblyk het was Sven Hedin byna daagliks in aanraking met die groot figure wat agter die Siegfriedlinie die Vasteland oorheers het. Hy dwaal dan ook dikwels en tot genoeë van die leser van die streng logiese patroon van sy vertellinge oor sake van die dag af om iets oor dié of dáárdie persoon mee te deel. Diegene wat vir die gewone koerantleser net groot skaduweeportrette teen die horison van Europa was, word vlees en bloed. Hul deugde en foute word verklaarbaar. Hul welslae sowel as hul mislukkings wek meegevoel en meelewing. Een vir een gaan hul voor die geestesoog van die leser verby.

### HERMANN GÖRING, „UNSER HERMANN"

Daar was die besoek van Hedin aan Carinhall, die weelderige buitesteedse verblyf van Ryksmaarskalk Hermann Göring wat die gaste soos 'n egte eerbiedwaardige grondbesitter in heldergroen landelike drag geklee, ontvang het. Hy was welgemoed en hartlik, 'n vriend van Swede waar hy sy eerste vrou, Carin, na wie ook die landgoed vernoem is, gevind het. Mede-gaste tydens die besoek was 'n Suid-Slawiese Minister en sy vrou.

Die gedrag van mev. Göring, een van die tragiese slagoffers van Neurenberg, het Hedin in alle opsigte onberispelik gevind. Sy het teenoor Hedin se suster bely dat die weelde wat in haar huis heers haar in die noodtoestande nie geval nie; want op die tafel van die wellewende Göring was Switserse kaas, kaviaar, fynkosse van aller aard. Inderdaad was daar van rantsoenering geen teken nie.

### CARINHALL, 'N WEELDE-VERBLYF

Die verblyf was weelderig ingerig met tapyte, standbeelde, sierkaste vol kosbare goud- en silwergerei, 'n biblioteek wat 'n versamelaarslushof was, meesterstukke van die Italiaanse skilderkuns aan die mure. Onder in die woning was 'n swembad en daar naby 'n elektries-aangedrewe modelspoortrein bedoel vir die jong Edda, Göring se dogtertjie, hoewel sy eie genot in die kosbare speelding ewe groot as hare was.

Ten spyte van sy swakhede en sy liefde vir die aangename van die lewe is die prentjie van Göring tog nie onsimpatiek nie. Kleurryk, hoogs-intelligent en ordentlik in leefwyse, dinamies en eg, klop die weergawe met die aard van sy einde as „Unser Hermann", held van 'n wanhopige, verslane volk.

### VON RIBBENTROP NIE BEKWAAM GENOEG NIE

Van die Derde Ryk se minister van buitelandse sake, wat hy veral i.v.m. die Finse vraagstuk persoonlik in die ou historiese kantoor van Bismarck gespreek het, gee Hedin die opinie dat hy lank nie so onaangenaam was as die propaganda wou voorgee nie, dog dat dit hom werklik aan grondige kennis en bekwaamheid ontbreek het. Ten opsigte van Finland het Hedin dit geradegeag om so 'n kort lesinkie oor geskiedenis in te vleg sodat Von Ribbentrop in elk geval korrekte gegewens kon hê om op te oordeel.

Veel eerder sou Hedin 'n diplomaat van ervaring soos Von Wiezäcker daar gesien het. Nietemin beklemtoon ons skrywer dat Hitler in alle belangrike sake sy eie kop gevolg het. Om Von Ribbentrop vir te veel verantwoordelik te hou sou verkeerd wees.

### BY HIMMLER, DIE KLEURLOSE

Hierdie gevreesde maghebber het Hedin as een van die raaiselagtige persone om Hitler beskryf. Waar al die ander Duitse leiers sterk indrukke gelaat het, was die eerste gewaarwording aangaande Himmler dat

**Deur J. de Vos**

hy 'n oninteressante, alledaagse en selfs effens lewenlose uiterlik vertoon het.

### TEENSTELLING MET ANDER LEIERS

Göbbels was die vurige, beweeglike, aangrypend wel ter tale en met 'n ewe welsprekende gesigsuitdrukking; Hitler was die grootse siener, gehoorsaam slegs aan eie oordeel en insigte, volkome selfvertrouend, onwrikbaar in sy genome besluite, groots in sy denkbeelde wat wêrelde wou herskep na die gedaante van sy drome. Elkeen van die ander het sy stempel in die gemoed van die toeskouer gelaat. Maar Himmler was kleurloos, nie hard of bars of hartstogtelik of innemend nie, slegs neutraal hoewel vriendelik en hoflik. Sy kantoor was die eenvoudigste ingerig. Sy omgewing was alledaags. Sy enigste uitgesproke ambisie was om Hitler en sy regime te beskerm.



HERMANN GÖRING.

### HIMMLER SE VERWEER

Uitgesproke kritiek van Hedin na aanleiding van berigte mishandeling van Jode het Himmler nie ontstem nie. Hy het ewe vriendelik die wreedhede ontken en die eise wat sy amp aan hom stel om die nasionale veiligheid te waarborg beklemtoon. Of sy vyande reg gehad het om in hom die selfaangewese opvolger van Hitler te sien kon niemand as die waarheid of andersom bewys nie.

### BELANGSTELLING IN AARDRYKSKUNDE

Daarby was hy besonder geïnteresseerd in Hedin se geografiese navorsingswerk en het hom versoek om tog 'n jong beskermling, ene dr. Schäfer, wat so pas 'n reis na Tibet gedoen het en pragtige foto's kon neem, te woord te staan en aan te moedig. Op 'n later stadium het Hedin dit ook gedoen en het Himmler hom persoonlik vir dié hulp bedank. Dit was moeilik om hom van aardrykskunde los te skeur om oor sake van die dag, krisisse van die Wêreldoorlog, te gesels.

### RYK MOET AAN EIE WETTE GETROU WEES

Hedin se laaste besoek aan Himmler is afgelê om vir aartshertog Karl von Habsburg, wie se vrou 'n Sweed was, in te tree. Himmler se antwoord was hoflik dog beslis dat hy nie anders kon as om die noodwetgewing sonder uitsonderings toe te pas nie. „Hoe kan 'n Ryk bestaan wat self nie sy eie wette gehoorsaam nie?" het hy Hedin gevra. Die leser kan nie anders as 'n mate van simpatie met die logika van Himmler se standpunt soos hy dit gestel het te voel nie. Hedin het hom op sy persoonlike vriendskap teenoor Duitsland beroep, dog kon geen toegewing verkry nie. „Dit spyt my buitengewoon veel", het Himmler gesê, maar hy kan dié een aartshertog nie voortrek nie.

Nietemin het hy Hedin veertien maande later self geskryf dat alle moontlike toegewings aan Habsburg gegee word.

### TEEN KOMMUNISME, VIR VREDE

Himmler het hom sterk uitgelaat oor die roeping van Duitsland om Europa teen die Kommunisme te beveilig. „Duitsland is die enigste moondheid wat die Bolsjewisme perke kan stel", het hy beweer. Van Hitler het hy gesê dat sy loopbaan in drie dele val: die stigting van die Derde Ryk, die beveiliging van die grondslae van 'n nuwe Europese orde deur 'n beslissende sege vir Duitsland, die grootse opbou van die Westerse beskawing in die tewagte tydperk van na-oorlogse vrede. So het die drome van Himmler gelyk . . . . .

### GÖBBELS — DIE ANDER SY

Hedin se prentjie van Göbbels se persoon is 'n aantreklike,. Vir veel wat oënskynlik met Göbbels se toestemming gebeur het, het Hedin weinig goeds te sê.

### DIE DAGBOEKIE VAN DIE HERNHUTTERS

Hy deel egter ook die volgende mee:

In die lente van 1943 het die wêreldberoemde Hernhutter-genootskap met hul hoofkwartier in Sakse aan Hedin meegedeel dat hul vertoë tot die owerheid in Berlyn rig om die heruitgifte van die jaarlikse godsdienstige dagboekie vir die 214de keer, ten spyte van oorlogstekorte, moontlik te maak. Hul het Hedin versoek om hulle te steun.

Ons skrywer deel dan mee van die gasvryheid wat hy by die Genootskap se sendingstasies tot bo in die Himalaja's ontvang het. Hy het dus met graagte onderneem om die ereskuld deur sy voorspraak by Göbbels te delg.

Hy het 'n uitvoerige brief aan Göbbels gerig om die verlof toe te staan. Hy het gesê dat honderdduisende die wêreld oor daarvoor sou dank; dat hyself, Hedin, in die Asiatiese wildernisse en in oomblikke van doodsgevaar vir 64 jare lank die boekie altyd as bron van besieling met hom meegeneem het. Die onderbreking van die jaarlikse uitgifte sou 'n groot verlies vir al die lesers wees.

### 'N VRIENDELIKE VERGUNNING

Die antwoord het onmiddellik gekom, sê Hedin. Göbbels het die brief persoonlik geteken. Dit was 'n bondige dog hartlike toestaan van die nodige verlof. Die oplaag van 600,000 het verskyn en is in een van die groot Berlynse drukkerye wat die bomaanslae ontkom het, gedruk. In 1944 toe die krisisse reeds teen Duitsland begin opstapel het, is dieselfde verlof ewe vriendelik gegee. In 1945 is die drukwerk noodgedwonge en op inisiatief van die Genootskap self in Switserland gedaan.

### „IN DIE ONBEKENDE DUISTERNIS . . . . "

Hedin wy die volgende eenvoudige slotsin aan Joseph Göbbels:

**„Toe die doodsklokke vir die Derde Ryk lui en die nog so trotse gebou van kort tevore ineenstort, het Göbbels homself stilweg in die onbekende duisternis teruggetrek."**

(Word Vervolg)

# Algehele Segregasie Mosley Se Beleid

**„Die beleid van Union Movement (Oswald Mosley se beweging) vir die ontwikkeling van Afrika bied die enigste moontlike oplossing, aangesien dit die doelstelling huldig dat die negers daardie dele van Afrika moet bewoon wat die beste geskik vir hulle is sonder inmenging deur blanke nedersetters en uitbuiters, terwyl die witman daardie dele van Afrika ontwikkel waar hy kan lewe en floreer," lui 'n artikel in die amptelike orgaan van die beweging.**

Die blad verklaar dat die vraag nie is of die witman beter as die naturel is nie, want dan kom die vraag ten opsigte waarvan? Op sportgebied het die neger hom in verskillende opsigte die meester van die witman getoon, maar op intellektuele gebied is die posisie omgekeerd. **Dit is dus nie 'n kwessie van beter nie, maar van verskil. Die naturel het 'n anderse agtergrond en geestelike samestelling, en die Westerse leefwyse pas nie by hom nie. Dit is dus onrealisties om te praat van sy opheffing tot die Westerse lewenswyse.** Dit is nie 'n saak van lewenspeil nie, maar van die verskaffing aan elke ras van die lewenswyse wat geskik is vir hom.

Algehele skeiding by 'n uiteindelike verdeling van Afrika tussen blankes en naturelle sal meebring dat elke ras op sy eie manier sy bydrae sal lewer tot die gemeenskaplike welsyn. So 'n beleid sal verhoed dat die naturel onder voorwendsel van „gelykheid" uitgebuit word deur die gewetenlose magte van die geldbelange.

## UIT BEAUFORT-WES

Mnr. S. J. Krynauw, Komdt. Beaufort-Wes, skryf na aanleiding van 'n berig oor die geslaagde funksie te Middelwater op 12 Augustus, dat die generaal se voorletters foutief weergegee is. Dit moes wees mnr. J. J. le Roux. Mnr. W. S. van Heerden (komdt.) van Kraaifontein, was ook een van die offisiere wat tot die sukses bygedra het.

HIERDIE TABAK . . .




verskaf werk aan duisende Suid-Afrikaners

TABAK is 'n uiters belangrike produk vir Suid-Afrikaners—en die vervaardigers van Springbok-sigarette het eerste hierdie rykdom vir die land ontgin. Veertig jaar gelede is alle sigarettabak ingevoer; vandag produseer 16,000 Suid-Afrikaanse boere blaartabak. Hulle is van die begin af aangemoedig en gesteun deur die vervaardigers van Springbok-sigarette, die oudste sigaretvervaardigers in Suid-Afrika. Die vervaardigers van Springbok het meer as 6,000 werkers in hul diens, en ondersteun nog steeds die Suid-Afrikaanse nywerheid deur groter werkverskaffing aan te moedig. Die verhaal van die Suid-Afrikaanse sigaret, is *hulle* verhaal.

—danksy die vervaardigers van

SPRINGBOK

Die Nasionale Sigaret




US400

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. **Vooruitbetaalbaar.** Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### BEESTE

**Te koop. Jersey koeie en verse:** Skakel 6811, Wellington. **Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.** 19/7/13B

Agt hoëgraad en Friestipe verse uit eersteklas melkkoeie; twee jaar en ouer, paar wys uier; £13/10/- stuk vir uitsoek; £100 vir lot. Vier tollies dieselfde tipe £10 stuk. Een derdekalf ligkleurige Jerseykoei, naby kalf; melk net drie spene, £22/10/-. Twee ligkleurige tweejarige Jerseyverse £17/10/- stuk. Een agtienmaande Jerseyvers, effens holrug, donkerkleurig, £10/10/-. Vier rooi melkkorthoring-verse, maak uier, £11/10/- stuk. £245 vir 20 diere. K.B.B.; V.O.S. **Eienaar, Posbus 90, Graaff Reinet.** 30/8/2B

### SPEELSKEIE

**Botelskeie** 4/-; kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goeie houtsoorte. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 26/7/8

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare** en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**

**Duisende is reeds van hulle kwale** bevry. Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 26/7/50/5

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### TE KOOP

**International ¾-ton bakkie.** 2800 myl gedoen. Doen aansoek: **J. N. Viljoen, Alfa, Wolseley.** Foon: Breërivier 1430. 30/8/2

**Patatranke.**—Eersteklas sesmaande teen 7/- per 80 pond sak. Goeie behandeling gewaarborg.—**G. S. Terblanche, Pos Gannakraal, Dist. Mosselbaai.** 6/9/8

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. **Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435**

# Lewenskoste Toon Ongelykheid Van Spoortariewe

**Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:**

Lewenskoste! Die nuwe feit, dienaangaande, het pas weer aan die lig gekom: daar was 'n effense daling in Julie.

Die prysindeks vir die nege groot stede was in dié maand soos volg: Pretoria 167.5; Witwatersrand; 161.3; Oos-Londen 159.6; Bloemfontein, 159.4; Durban 158.9; Kaapstad 156; Port Elizabeth 155.8; Pietermaritzburg; 155.6; en Kimberley 151.

Ons wat binnelands in kleiner gemeenskappe woonagtig is, weet nie waar ons staan nie, maar ons besef dat hoe dieper ons die land inwoon, weg van die hawestede — Johannesburg is ook 'n hawestad — hoe meer ons aan spoorvrag en vir ander noodsaaklike staatsdienste betaal. Die spoorweë bedien ons hoofsaaklik met sy vier hoogste tariewe en die hawestede meestendeels met die laagste en spesiale tariewe. Die laer vervoerpryse seewaarts is 'n oorblyfsel van die dae voordat die Fabriekswet opgestel was, toe ons van die standpunt uitgegaan het dat ons ruprodukte moet uitvoer vir verwerking deur die fabrieke van Engeland en die Vasteland van Europa. Die hawestede het gedaan gekry dat die tariewe so moes bly sodat hulle nie net handelstede kon bly nie maar ook die nywerheidstede kon word, dus sentralisering.

### EEN RIGTING

Die lonende spoortariewe is binneland toe en die nie-lonende tariewe, wat op besigheidsgrondslag berus, hawestede toe.

Die spoortariewe het sedert 1945 by 44 persent toegeneem waarvan 17½ persent sedert April 1949 bygekom het. Die lewensduurte het nie juis danig opmerklik in die afgelope 18 maande toegeneem nie. 44 Persent op die lae en spesiale tariewe toon nie juis merkbaar in die prysindeks vir die hawestede nie, maar dit moet geniepsig seer maak op die saamgestelde inkoopsprys en hoë vragprys. Omdat Pretoria nie 'n hawestad is nie is dit verstaanbaar hoekom sy prysindeks 6.2 hoër staan as Witwatersrand. Die vraag verrys of die tyd nie aangebreek het dat die prysindeks vir nege groot dorpe en nege klein dorpe ook vasgestel moet word nie.

### WIL WEET

Die binnelanders het die reg om te weet waar hulle staan. As die komputasies van die departement van statistieke suiwer en korrek is dan is Kimberley eerder die aangewese plek vir nywerheid en verblyf. Die binnelanders wil weet of die ameniteite wat hulle omgewings kan aanbied ook gunstig is vir nywerhede; hulle wil nie weet of lewensduurte die polemiek moet wees vir verwyte aan die een kant en verontskuldiginge aan die ander kant nie.

In 1926/27 was die spoorwegdepartement se beswaar teen privaat vervoer dat die spoorweë die laag tarief — dus nielonende vrag, vervoer en die vragmotor en die trekdierwaens die hoogtarief-goedere vervoer, met die gevolg dat die binnelander diets gemaak was dat die spoorweë sy grootste besit is. Die vragmotor en die vaart in Breërivier op is toe uit die konkurrensie verban. Wat het daartoe bygedra dat sakemanne tans hulle eie vervoermiddels op die pad sit?

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Wil Afrika Eie Rys Laat Kweek

Die Britse regering is besig met die uitwerking van 'n plan vir die grootskaalse kweking van rys in die moerasagtige streke van Noord-Rhodesië en aangrensende gebiede. Dit sal glo duisende morge beslaan en 'n hele paar miljoen pond kos. Daar word gevrees dat met die gevare van oorlog in Asië die rystoevoer uit daardie wêrelddeel uiteindelik afgesny sal word. Daar word gehoop dat die Britse regering in elk geval 'n groter sukses van sy rysplan sal maak as wat dit die geval was met sy grondboontjie-onderneming in Tanganjika waaraan byna £30 miljoen bestee is sonder sukses.

Proewe met ryskwekery in die Unie tot sover, veral in die oostelike dele, word as bevredigend beskou.

# Petrol Vir Nog Net 100 Jaar Sê Geleerde

Die wêreld se petrol-, olie- en steenkoolreserwes mag binne honderd jaar uitgeput wees, volgens die sonwetenskaplike, Eugene Ayres.

„Ons weet dat die tyd sal aanbreek", het hy gesê, „wanneer dit vir ons nodig sal wees om beplande tegnologie te ontwikkel met die oog op die inspanning van sonkrag in plaas van om eenvoudig alles so vinnig te verbrand as wat ons dit in die hande kry."

Dr. Ayres het in verband met die probleme van sonverhitting gesê dat die hoogste olieproduksie waarskynlik tussen 1957 en 1960 behaal sal word. Hy het daaraan toegevoeg dat die hoogste antrasieproduksiepeil reeds agter die rug is en dat die hoogste produksiepeil van eerstegraadse asfaltsteenkool, stellig binne tien jaar bereik sal word.



„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir **Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."**

# Afgevaardigde Ontnugter

**Verteenwoordigers van Nusas, die liberalisties-georiënteerde studente-organisasie in Suid-Afrika, wat 'n konferensie van die „Internasionale Studentebond" in Praag bygewoon het, het ontnugter teruggekeer en sal aanbeveel dat Nusas hom onttrek aan die internasionale organisasie.**

**Volgens 'n verklaring van die leier van die afvaardiging, mnr. R. le Riche, was die konferensie niks anders as 'n verheerliking van Stalin nie. Groot foto's van „vader" Stalin was oral opgestel en wanneer die Russiese diktator se naam genoem is, het die studente aanhoudend gejuig — een keer solank as 35 minute aaneen, onderwyl hulle die naam ritmies herhaal.**

Mnr. Le Riche het gesê dat die Suid-Afrikaanse owerheid geweier het om sy paspoort te onderskrywe, maar dat hy desondanks na Praag gegaan het waar hy die ontnugtering opgedoen het.

# ELEKSIE-VELDTOG WAS IN VRYSTAAT ONBEKEND

**Hoe ver die Britse partypolitieke stelsel ons volk weggesleep het van ons tradisies en opvattings, blyk uit onderstaande aanhaling uit die boek „ M. T. Steyn" deur wyle dr. N. J. van der Merwe waarin hy sy standpunt ten opsigte van 'n verkiesing weergee.**

„Volgens Artikel Twaalf van Hoofstuk XXVII van die Wetboek 1891, moes die kandidate vir die setel van President in antwoord op rekwisisies wat van tyd tot tyd hulle aangebied word, hulle beskouinge omtrent die politieke kwessies van die dag in die Goewermentkoerant uiteensit.

**„Dit was nie die gewoonte vir so 'n kandidaat om die land deur te reis en oral deur toesprake stemme te werf nie. Fraser was die eerste en enigste wat dit ooit in die Vrystaat gedoen het. Hierdie handelwyse het ook veel kritiek teen hom uitgelok.**

„Meer as een ondersteuner van Steyn het egter onrustig begin word en het gevolglik die Regter aangeraai om ook maar van die ou gewoonte af te stap en die volk oral sy politiek te verklaar. **Steyn wou nie. Hy was selfs daarop teen om eleksie-agente aan te stel. Hy wou geen enkele pennie spandeer om hom in die setel te kry nie. Toe by hom aangedring was, het hy eenvoudig geantwoord: 'Die betrekking moet my soek, nie ek die betrekking nie'."**

Vergelyk dit bietjie met die toestand vandag!

# Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van..................*

*..................vir die eerste..................maande.*

*NAAM*..................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..................

..................

..................

..................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Bestraling Laat Henne Meer Lê

Hoenders sal meer eiers lê as hulle aan ultra-violetstrale blootgestel word, het die Amerikaanse departement van landbou aangekondig.

Wetenskaplikes het hierdie feit ontdek terwyl hulle proefnemings met ultra-violetstrale gedoen het in die stryd teen lugbakterieë in hoenderhokke.

Hulle het proewe uitgevoer en gevind dat hoenders wat bestraal is, van 10 tot 19 persent meer eiers gelê het.

Hierdie toetse is ondergronds onderneem. Verdere toetse sal nou op die grondoppervlakte gedoen word om vas te stel of die uitwerking daar dieselfde is.

Tot dusver kon hulle nog nie aan 'n verklaring vir hierdie verskynsel dink nie.

# „SKANDELIKE" BRITSE EIS HET REM VERWYDER IN OORLOGSVOERING

## Engelse Geestelike Kom Met Feite

**Brittanje was nie net verantwoordelik vir die Tweede Wêreld-oorlog nie, maar was ook regstreeks verantwoordelik vir die uitbreiding daarvan tot 'n wêreldwye botsing, verklaar Peter H. Nicol in sy boek, Britain's Blunder. Was dit nie dat Brittanje met sy eis van onvoorwaardelike oorgawe gekom het, sou die oorlog nie so hande uitgeruk het nie.**

**Van Britse kant, verklaar die skrywer, word die vinger veroordelend na Duitsland gerig in verband met die verowering van onsydige state, maar in werklikheid was dit Brittanje wat die eerste daartoe oorgegaan het om neutrale regte te skend.**

„Wanneer die wet eers eenmaal in so 'n lewensbelangrike stryd verbreek is, is dit byna onvermydelik dat 'n vloedgolf onwettighede sal volg. En wie die eerste met hierdie wettelose proses begin het, is welbekend en selferken. Dit was Brittanje. Hy het Noorse waters geskend, myne daarin gelê ten einde die vervoer van yster van Swede na Duitsland te verhinder en die Altmark tot binne aan die Noorse kus agtervolg ten einde Britse gevangenes aan boord daarvan te bevry.

### WAS TOT ONWETTIGHEID BEREID

„Dit was so 'n duidelike verbreking van neutrale regte en die volkereg dat ons regering dit openlik erken en as verskoning aangevoer het dat Duitsland dieselfde reg geskend het na die gees indien wel nie na die letter nie. Dit was inderdaad 'n lamlendige ekskuus. Die wet is doelbewus opgestel, en indien enige moondheid binne die perke van daardie doelbewus geformuleerde letter van die wet optree, handel hy binne sy regte. Indien hy die voorskrif verbreek, doen hy verkeerd. Die wet was baie duidelik in hierdie geval. Geen oorlogvoerende kon neutrale waters binnegevaar om daar myne te lê of vyandelik op te tree nie. Niemand sal ontken dat Brittanje onder die omstandighede in sterk versoeking was nie, maar dit was geen regverdiging hoegenaamd nie, en sy optrede het slegs getoon dat indien hy genoeg aanleiding kry, Brittanje bereid en misdadig genoeg was om die volkereg te verbreek."

### WEG GEBAAN

Hierdie besondere optrede was op sigself nie van soveel betekenis nie; sy ware misdadige betekenis lê daarin dat dit die weg gebaan het vir die hele vloedgolf skendings van neutrale regte wat daarop gevolg het. Duitsland het uit die aard van die omstandighede daarop geantwoord, want as Brittanje dan die regte van onsydige lande skend wanneer dit hom pas, dan staan niks in sy pad om enigiets aan te vang nie. Duitsland kon in sy hart aangeval word

> **Sedert Die O.B. 'n tyd gelede uittreksels geplaas het uit Peter H. Nicol se boek, Britain's Blunder, het ons soveel navrae in verband daarmee ontvang dat ons besluit het om nog 'n paar aspekte van sy openhartige kritiek weer te gee.**

indien Brittanje sulke regte verontagsaam. Die gevolg was dat Duitsland opgetree het. Ook hy het toe die regte van onsydige lande veronagsaam en dit op 'n baie groter skaal gedoen. Hy het Denemarke binnegeval en daarna Norweë. Dit is waar dat dit 'n verbreking van die reg op baie groter skaal was as wat Brittanje gedoen het maar die feit is dat Brittanje eerste die wet oortree en die beginsel geskend het, en op die wyse sy vyand uitgelok het om dieselfde te doen en hom die nodige verskoning daarvoor gegee het.

### OORLOGSOOGMERK

Maar Brittanje se optrede was nie die enigste oorsaak vir hierdie uitbarsting van wetteloosheid nie. Daar was 'n ander oneindig veel kragtiger beweegrede en aanhitsing vir Duitsland, een wat die Britse staatsman en patriot graag verberg en vergeet. Na afloop van die Poolse veldtog het Hitler gepleit vir vrede op 'n grondslag van wedersydse ooreenkoms met alle moondhede sowel wat die toekoms van Pole betref as alle ander volkeregtelike belange op die Vasteland. **Dit was 'n buitengewoon redelike aanbod. Dit het voorsiening gemaak vir voldoende middele om toe te sien dat dit uitgevoer word, maar dit is sonder meer deur Brittanje verwerp ten gunste van voortsetting van die oorlog tot die bitter einde. En toe is daardie einde omskryf en aan die hele wêreld bekend gemaak. Dit was die onvoorwaardelike oorgawe van Duitsland.**

### MEES ONREDELIKE

**Hierdie doelstelling was die onredelikste en skandelikste beleid van optrede wat enige moondheid wat voorgee dat hy die vrede lief het, 'n regsgevoel besit of 'n gevoel vir die godsdiens het, moontlik kon aanvaar. Dit het alle rede en regverdigheid veronagsaam. Dit was 'n beleid wat daarop gemik was om die hele Duitsland te vernietig en nie net die Nazibewind nie. En hy het nie geaarsel om dit te sê nie.** En dat dit geen oordrywing was nie, blyk uit die lot wat Duitsland vandag te beurt geval het — uitmekaar geskeur, verreneweer en sterwend onder die hiel van sy veroweraars. **Dit ly geen twyfel nie dat as Hitler gewen en Brittanje so sou behandel het, daar geen woorde laag genoeg gevind sou kon word om so 'n bees van sataniese boosheid te beskryf nie.**

### ALLE MIDDELE

**Toe Hitler ontdek het dat Brittanje nie daarop uit was om die een of ander denkbeeldige onreg of die onafhanklikheid van Pole te herstel nie, maar om sy geliefde vaderland te vernietig tesame met al sy erfgoedere, sy volk en sy bestemming, kan mens jou verbaas as die voorneme in sy gemoed opgestoot het om enige en elke middel te gebruik om hierdie onmenslike doelstelling te verydel? Waarom wil Britte wat roem dat hulle liefhebbers van „fair play" is, nie erken dat toe Hitler Denemarke en Noorweë binnegeval het hy geweet het dat hy nie langer met Brittanje twis oor die saak van Pole nie, maar besig was om vir die blote bestaan van Duitsland te veg teen 'n onversoenlike vyand wat onderneem het om te bly veg totdat Duitsland geheel en al en vir altyd vernietig is?**

### DIE OORSAAK

Daar kan dus in alle waarheid gesê word dat terwyl Brittanje, soos voorheen aangetoon, die vernaamste oorsaak van die oorlog was wat hy in 1939 verklaar het, hy die regstreekse en ware oorsaak was van daardie omvangryker oorlog wat spoedig die wêreld omspan het, **alles as gevolg van sy barbaarse, onsedelike en volstrek bose voorneme om Duitsland heeltemal te vernietig ongeag enige aanbod of enige voorwaarde wat laasgenoemde mog maak.**

### HITLER SE VOORSTEL

Daar moet onthou word dat wat Hitler na die nederlaag van Pole voorgestel het was die **herstel van 'n onafhanklike Pole**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**met billike en ordentlike grense (vergelyk dit met die Pole van 'n Geallieerde oorwinning!),** die afskaffing van duikbote en bomwerpers, die begin van 'n algemene ontwapening en invoering van beter ekonomiese betrekkinge tussen die Vastelandse moondhede in belang van almal, en hierdie maatreëls sou gewaarborg word deur die deelname van alle belanghebbende moondhede, sodat Duitsland nie die nakoming daarvan kon nalaat as hy wou nie.

# NOORDPOOL WORD DALK SLAGVELD

**Dit is baie waarskynlik dat die koue Noordpool met sy ysbedekte oppervlakte in die toekoms een van die vernaamste slagvelde van die wêreld mag word en daar is alle aanduidings dat die groot moondhede van die wêreld kaarte soos dié van Gibraltar en die Suez-kanaal wegbêre en hulle toespits op die bestudering van plekke soos Alaska, Spitzbergen en gebiede ten noorde van Kanada.**

In hierdie gebiede is in die afgelope jare paaie aangelê en vliegvelde gebou. Sedert die afgelope oorlog is wetenskaplikes en „proefkonyne" besig om die gebied te ondersoek en vas te stel wat die geaardheid van dié omgewing is.

Dit het aan die lig gekom dat dit byna onmoontlik is vir iemand om by 60 grade onder vriespunt asem te haal, omdat die lug in sy longe verys. Daarby kan mens metaal ook nie op daardie temperatuur vervoer nie terwyl kordiet in die ammunisie verys.

Spuit aangedrewe vliegtuie kan maklik by daardie temperature aan die gang gesit word, maar dit blyk dat die luginlaatpype verys. Medici het ook vasgestel dat met elke graad wat dit kouer word as zero 'n mens se werksvermoë verminder. Proefnemings is ook uitgevoer om te kyk of mense in beskermende klere in die koue water kan leef.

Die Verenigde State het reeds verskeie weerkundige stasies in die gebied van Alaska en spesiale troepe-eenhede is opgelei om in hierdie gebiede op te tree in geval van oorlog.

# Vergete Jode In Afrika Ontdek

**'n „Verlore" Joodse stam van 25,000 lede is so pas in die Atlasgebergtes, Marokko, ontdek, berig die Jewish Herald, wat daaraan toevoeg dat dit nog 'n bevestiging van die Bybelse profesie in verband met die verspreiding en insameling van die Jode is. Hul bestaan was voorheen nooit bekend, selfs nie aan die Jode van Casablanca nie wat ongeveer 1,000 myl vandaar verwyder is.**

Die stam handhaaf nog die Joodse tradisie ten volle en praat Bybelse Hebreeus. Hulle verklaar dat hulle oorblyfsels van Joodse bannelinge na vernietiging van die eerste tempel is.

Afgesny van alle bande na buite, het hulle hulself as Jode gehandhaaf vir 'n paar duisend jaar en hoofsaaklik as landbouers gelewe.

Op een of ander manier het dit tot hul ore gekom dat die Joodse staat herstel is, waarna die hele stam gereed gemaak het om terug te keer. Dit was as gevolg van hierdie bedrywigheid dat hulle met die Jode in Casablanca in aanraking gekom het wat aanleiding gegee het tot hul ontdekking. Hulle word tans voorberei vir opname in Israel.

# VERJAARDAG-KETTING

### SEPTEMBER

6 Magdalena Breedt, Boshoek.
Andries du Toit, Matooster.
Gertruida Toerien, Middelburg.
Wilhelmina Wagener, Oudtshoorn.
Paul Pretorius, Paarl.
7 Piet Erasmus, Frankfort.
Christiaan Bronner, Vryburg.
Danie Roux, Franschhoek.
8 Marie Fourie, Luckhoff.
Esesias van Rooyen, Stellenbosch.
Ettienne v. Willigh, Paarl.
9 Anita Hugo, Franschhoek.
10 Magdalena van Niekerk, Middelburg, Tvl.
Jakobus van Zyl, Paarl.
Stephanus Koekemoer, Lamotte.
11 Yvonne Eksteen, Franschhoek.
12 Gilliomee van Rensburg, Frankfort.
Roelfie van der Merwe, Slabberts.
Magdalena Basson, Kaffers-kraal.
J. H. Söhnge, Stellenbosch.
Theunis Swanepoel, Paarl.
13 Cornelis Willemse, Bultfontein.
Christie Jordaan, Noorder-Paarl.
14 Pierre Theron, Sutherland.
15 Johanna Landman, Humansdorp.
16 Fransina Agenberg, Kakamas.
Thys Lotter, Franschhoek.
18 Gerhardus van der Westhuizen, Kakamas.
Llewyllen Bohlman, Paarl.
K. Wolmarans, Oudtshoorn.
Magrieta Olivier, Oudtshoorn.
19 Jakoba Roets, Frankfort.
Hester le Roux, Stellenbosch.
Ingrid Snoek, Paarl.

KRY
LIEWER U
WINTER-
UITRUSTING
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow

U het 'n Droomhuis
in die Verskiet
BOU SAAM MET
SAAMBOU
Die Bestuurder, Saambou (Permanente) Bouvereniging, Posbus 4180, Kaapstad. Stuur my asb. u gratis brosjure waarin u verduidelik hoe om ons ideale met gereelde besparings te verwesenlik.
Naam: ____
Adres: ____

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

**8 AUGUSTUS-BASAAR**

Generaalskap A2 hou 'n 8 Augustus-basaar **op Saterdag 9 September** in die **Nasionale Saal, Tiervlei.** Opening 3-uur nm. deur: **Hf./genl. Japie de Vos.**

6 nm. Verversings.

7.30 nm. Vergadering — **Spreker: W. R. Laubscher.**

ALLE OFFISIERE EN BRANDWAGTE WORD GEVRA OM HIERDIE FUNKSIE TE ONDERSTEUN

# SAMEWERKING TUSSEN H.N.P. EN A.P. GAAN GETOETS WORD

**Die Nasionale Party van Suidwes het in die algemene verkiesing wat verlede week in die gebied gehou is 'n skitterende oorwinning behaal. 'n Dubbele verkiesing het plaasgevind en dit derhalwe 'n dubbele oorwinning. Die kiesers van Suidwes het ses Nasionale Party-verteenwoordigers gestuur om hulle in die Unie-Volksraad te verteenwoordig en vir die Wetgewende Vergadering het hulle vyftien Nasionale Partylede en slegs drie Verenigde Partylede verkies.**

**Die Nasionale Party van Suidwes is 'n selfstandige politieke party en anders as die Herenigde Nasionale Party van die Unie omsluit die party al die nasionaalgesindes in Suidwes. Afrikaners in Suidwes wat ondersteuners is van die Ossewabrandwag of van die Afrikanerparty is almal gelykwaardige lede van die Nasionale Party van Suidwes. Daarom is die oorwinning wat in Suidwes behaal is in der waarheid 'n nasionaalgesinde oorwinning.**

Die oorwinning in Suidwes het die regering deurslaggewend versterk in die parlement van die Unie. Die stand van die partye in die volksraad is nou soos volg:

### STAND VAN PARTYE

| | |
|---|---|
| Herenigde Nasionale Party: | 71 |
| Afrikanerparty: | 9 |
| Nasionale Party van Suidwes: | 6 |
| Totaal van die regeringspartye: | 86 |
| Verenigde Party: | 64 |
| Arbeidersparty: | 6 |
| Naturelleverteenwoordigers: | 3 |
| Totaal van Opposisiepartye: | 73 |

**Die regering se meerderheid het derhalwe in die volksraad gestyg van sewe na dertien. In die senaat het die regeringspartye nou 'n meerderheid van ses en wel soos volg:**

| | |
|---|---|
| Herenigde Nasionale Party: | 19 |
| Nasionale Party van Suidwes: | 4 |
| Afrikanerparty: | 2 |
| Onafhanklikes: | 2 |
| Totaal van regeringspartye: | 27 |
| Verenigde Party: | 14 |
| Naturelleverteenwoordigers: | 4 |
| Arbeidersparty: | 3 |
| Totaal van Opposisiepartye: | 21 |

### VOLSTREKTE MEERDERHEDE

**Die belangrikste vraag wat die Suidwesverkiesings laat ontstaan het gaan oor die houding van die Suidwesverteenwoordigers in die parlement. Gaan hulle hul identiteit as lede van die selfstandige Nasionale Party van Suidwes handhaaf of gaan hulle hul lot onvoorwaardelik inwerp by die Herenigde Nasionale Party van die Unie.** Gaan die Suidwes-lede hulle eie partykoukus hê, soos die Afrikanerparty sy eie het, of gaan hulle eenvoudig sitting neem in die koukus van die Herenigde Nasionale Party. Indien hulle laasgenoemde weg volg beteken dit dat die Herenigde Nasionale Party oor 77 lede in die Volksraad en oor 25 lede in die Senaat gaan beskik.

In die Senaat sal die Herenigde Nasionale Party dan oor 'n volstrekte meerderheid oor al die partye beskik en in die Volksraad sal die H.N.P. 77 lede hê teenoor 73 lede van die opposisiepartye en 9 lede van die Afrikanerparty. Dit beteken

**POLITIEK IN OENSKOU DEUR WAARNEMER**

lat die H.N.P. in die volksraad slegs verslaan kan word wanneer die Afrikanerparty saam met die Opposisiepartye teen die H.N.P. stem — 'n moontlikheid wat heeltemal buite rekening gelaat kan word. Derhalwe beskik die H.N.P. dan, vir praktiese doeleindes, ook oor 'n volstrekte meerderheid oor al die partye in die volksraad. Die H.N.P. sou dus in die toekoms fundamentele kleurwetgewing kan deurvoer „op sy eie pote" en sonder die steun van die Afrikanerparty — iets wat in die verlede nie moontlik was nie.

### EERLIKE BONDGENOOT

Soos dit 'n eerlike bondgenoot betaam het mnr. Havenga vroegtydig bekendgemaak dat hy nie kan meewerk om fundamentele kleurwetgewing met 'n gewone partymeerderheid op die wetboek te plaas nie. En soos n realis het dr. Malan daarop aangekondig dat hy nie met sy voorgenome kleurwetgewing kan aangaan nie — want hy kan dit nie deurvoer sonder die steun van mnr. Havenga nie. Na die oorwinnings in Suidwes sou hy dit wel kan doen. **En nou eers sal die opregtheid van die H.N.P. se samewerking met die A.P. tot 'n mate getoets kan word. Toe die voortbestaan van y regering afhanklik was van die samewerking met die Afrikanerparty het dr. Malan daardie samewerking gehandhaaf — selfs toe dit beteken het dat hy die uiterste punte van sy kleurbeleid moes afstomp. Indien die voortbestaan van sy regering nie meer afhanklik is van die samewerking met die Afrikanerparty nie — gaan dr. Malan nog daardie samewerking handhaaf? Dit is die toets van die opregtheid van die samewerking.**

### DIE GROTER KABINET

Die uitslae van die verkiesing in Suidwes mag dus die eerste stap wees in die vloeibaarwording van die politieke situasie in die Unie. Dit kan òf die stramme samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. heeltemal tot stilstand rem òf dit mag die stramheid wegvlot en die samewerking hartliker en intiemer laat voortgly. **Ek dink die eerste geleentheid wat dr. Malan gaan kry om te toon hoe hy voel oor die kwessie van die toekomstige samewerking tussen sy party en die Afrikanerparty sal kom wanneer die Eerste Minister die uitbreiding van sy kabinet aankondig — indien hy dit gaan aankondig.** Hy sal dan òf vir mnr. Jan Viljoen, L.V. vir Vryburg en onder-voorsitter van die Afrikanerparty in sy kabinet opneem òf hy sal hom uitlaat. Sy beslissing sal ongetwyfeld 'n goeie aanduiding wees van sy gevoelens oor toekomstige samewerking met die Afrikanerparty.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

### DIE VERENIGDE PARTY

Dit ly geen twyfel dat die Verenigde Party 'n ernstige nederlaag gely het in Suidwes nie. En boonop dat die leierskap van mnr. J. G. N. Strauss geweeg is en te lig bevind is nie. Ek dink dat selfs die vriende van die Verenigde Party moet erken dat daardie party vandag baie swak is en 'n hopelose figuur slaan in ons openbare lewe. Die V.P. is swak omdat hy 'n totale gebrek het aan skouspelagtige en meevoerende leiers. **Die party is swak omdat hy hoegenaamd geen begrip het van die veranderde omstandighede wat ingetree het sedert die beëindiging van die tweede wêreldoorlog nie — en derhalwe ook geen vergesig het van die toekoms van ons land en ons volk nie. Dit is verbysterend maar waar dat die party sedert die galgmoorde van Neurenberg, geestelik nie eers so ver gevorder het soos mnr. Winston Churchill nie!** Die party ploeter op middelmatige wyse voort met die slagspreuk van 'n vergange tydvak. En ek vrees — sonder dat dit my tot trane beweeg — dat ons langs die sterfbed van 'n eens magtige party staan.

Ek weet nie wat die Verenigde Party gaan doen om homself lewe in te blaas nie. Trouens ek weet nie of die party iets kan doen nie. **Ek is oortuig daarvan dat daar in Suid-Afrika in die toekoms geen plek gaan wees vir 'n politieke party wat minder nasionaal is as die Herenigde Nasionale Party nie. Ek is ongelukkig net so oortuig daarvan dat daar plek ingeruim sal moet word vir 'n politieke organisasie wat meer nasionaal is as die Herenigde Nasionale Party. Maar daardie rol kan die Verenigde Party nooit vul nie.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Presidensiële Stelsel

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5) paalde termyn gekies word. In 1873 is die pos van sowel kommandant as kommandant-generaal vir vredestyd afgeskaf. Dit was gedurende die presidentskap van ds. T. F. Burgers. In 1881 is die amp herstel en die K.G. sou in die vervolg vir 10 jaar gekies word en die kommandante vir vyf jaar. En vanaf 1896 sou die kommandant-generaal weer vir 'n ampstermyn van 5 jaar gekies word. Die sekretaris is deur die Volksraad gekies vir 4 jaar en die twee burgers wat lede was van die Uitvoerende Raad is deur die Volksraad gekies vir 3 jaar. **Niemand kon gelyktydig lid van die Volksraad en die Uitvoerende Raad wees nie.**

### GEEN DIKTATUUR

**Die Regterlike Mag** is uitgeoefen deur landdroste wat gekies is deur die burgers uit tweetalle wat deur die Uitvoerende Raad genomineer is. Hulle is bygestaan deur heemrade wat deur die Uitvoerende Raad aangestel is.

Dit is duidelik dat hierdie republikeinse stelsel baie meer „demokraties" of liewer volksverteenwoordigend was as die Britse stelsel. Ons kan maar net vir die Volksraad ons stem uitbring, nieteenstaande daar 3 gesagsliggame is, nl. Goewerneur-generaal, Senaat en Volksraad. Die republikeinse burger kon drie keer stem, nl. vir die President, vir die Eerste Volksraad en vir die Tweede Volksraad.

**Om dus van die presidensiële stelsel as 'n diktatuur te praat, getuig van dieselfde houding as dié van die mense wat 75 jaar gelede van Afrikaans as 'n „kombuistaal" gepraat het.**

Volgende keer hieroor meer.

# „Verbode Immigrant" Het Dit Gebring Tot Senatorskap

**Die aansoek om die vernietigverklaring van mnr. W. G. Ballinger se verkiesing tot naturelle-verteenwoordiger in die senaat op grond van die bewering dat hy nie 'n Unie-burger is nie, is verlede week deur die Hooggeregshof in Pretoria met koste van die hand gewys.**

Die regters het bevind dat sen. Ballinger ondanks die feit dat hy by sy aankoms in die Unie tot 'n verbode immigrant verklaar is, die land wettig binnegekom en op grond van sy permanente verblyf Unie-burgerskap verwerf het.

Dr. D. F. Malan het ook getuienis in die saak afgelê — die tweede keer in die land se geskiedenis dat 'n eerste minister dit doen — en verklaar dat hy na ontvangs van hoogs geheime inligting van die Britse regering omtrent sen. Ballinger as Minister van Binnelandse Sake opdrag gegee het dat hy as 'n verbode immigrant beskou moet word. Later het hy hom as gevolg van vertoë tegemoet gekom deur hom vry te stel van die plig om sy tydelike permit driemaandeliks te hernu.

Volgens dr. Malan het sen. Ballinger indertyd uit Brittanje gekom as adviseur van die I.C.U., 'n gevaarlike naturelle-organisasie wat die vrede en orde in die land aangetas het, en waarvan die sekretaris, Clements Kadalie, gedeporteer is.

DIE MOORREESBURGSE LANDBOUTENTOONSTELLING-GENOOTSKAP

TENTOONSTELLING

op

Woensdag en Donderdag, 20 en 21 September 1950,

op die TENTOONSTELLINGSTERREIN.

Die Tentoonstelling sal geopen word op Donderdag, 21 September om 2.30 nm.

Hekke gaan oop om 7-uur vm.

GROOT VERTONING

Pragtige Jersey- en Friesbeeste, Karperde, Karesels, Ryperde Spanne Esels, Spanne Perde, Varke, Skape, Graan, Groente, Huishoudkunde, Naaldwerk en Blomme.

Motors word toegelaat binne die terrein.

Luidsprekers op die veld. Musiek.

Verversings en Middagete op die terrein te kry.

Skrywe dadelik in by die Sekretaris:

J. H. VAN HEERDEN.

FOON 30 en WOONHUIS 1513